SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 11 APRIL 2021

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit , stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

ELEKTRONIESE STEMMERY VIR DIE SARL JAARLIKSE FINANSIËLE STATE BEGIN MORE

DIE SARL VIRTUELE AJV HIERDIE SATERDAG

en

VIER WÊRELD AMATEUR RADIO DAG OP 18 APRIL

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

ELEKTRONIESE STEMMING VIR DIE SARL FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2020

Ingevolge Reël 8.9 is die SARL se Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 30 Junie 2020 op Vrydag 12 Maart 2021 op die SARL-webwerf gelaai en is 'n SARL Kommunikasie op dieselfde datum aan lede gestuur. Elektroniese stemmery sal om 00:00 SAT op Maandag 12 April 2021 open en om 23:59 SAT op Woensdag 21 April 2021 sluit. Gaan na die openbare stem bladsy http://www.sarl.org.za/Web3/ElectronicVoting/Default.aspx om jou stem uit te bring. Jy moet op die kassie klik "I confirm that I have read and fully understand the Motions listed above." En dan inteken met jou roepsein en wagwoord. Die stem opsies is 'Yes' of 'No' of 'Abstain.' Volg die aanwysings op die stem blad en dien jou stem in. Jy sal 'n e-pos ontvang wat bevestig dat jy gestem het.

DIE SARL VIRTUELE AJV VOLGENDE SATERDAG

Het jy geregistreer vir die 2021 SARL Algemene Jaarvergadering wat volgende Saterdag, Saterdag 17 April op die BlueJeans-platform gehou word? Die AJV sal om 10:00 SAT begin. Om aan die AJV deel te neem, moet jy registreer deur die skakel op die voorblad op die SARL-webwerf te volg. Jy sal dan die skakel ontvang om by die konferensie aan te sluit. Die 2021 SARL AJV-boekie is beskikbaar om af te laai, volg weer die skakel op die voorblad. Tot op hede het 58 lede vir die AJV geregistreer.

DIE ZS4SRK BALLON KOMPETISIE

Die Sasolburg ARK het SARL News in kennis gestel dat die ZS4SRK Ballon kompetisie wat op 17 April beplan is, na Mei geskuif is en meer inligting sal later gegee word.

DIE ZS4 NAELLOOP OP 18 APRIL

Dit is 'n prettige aktiwiteit om kontak tussen radio amateurs in die Vrystaat en radio amateurs in Suider-Afrikaanse lande te bevorder. Die Naelloop word in twee sessies op 40 meter aangebied, met ESB-aktiwiteit van 14:00 tot 15:00 UTC en GG-aktiwiteit van 15:00 tot 16:00 UTC. Die uitruiling is RS(T) verslag en provinsiale of landsafkorting. Die QSY-reëls vir Naellope is van toepassing. Dien jou logstaat in ADIF-, Cabrillo- of MS Excel-formaat in om 23:59 SAT op Vrydag 23 April 2021 per e-pos na zs4srk@gmail.com. Blaai na bladsy 77 van die 2021 Blouboek vir die reëls.

DIE 2021 YOTA KOMPETISIE AANGEKONDIG

Die pasgebore YOTA-kompetisie, georganiseer deur die IARU Region 1 Jeug Werkgroep in samewerking met die Hongaarse Amateur Radio Vereniging MRASZ, is om die aktiwiteit van jongmense op die lug te verhoog, die reputasie van die YOTA-program te versterk en ondersteuning te demonstreer vir jongmense regoor die wêreld. Vanjaar se YOTA-kompetisie word in drie sessies gehou, die eerste van 08:00 tot 19:59 UTC op Saterdag 22 Mei, die tweede van 10:00 tot 21:59 UTC op Saterdag 17 Julie en die derde van 12:00 tot 23:59 UTC op Saterdag 30 Desember op die vyf klassieke bande met GG en ESB werking. Almal kan almal werk. Die volledige reëls kan gevind word op https://ham-yota.com/contest.

[Dankie IARU Streek 1]

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

VIER WÊRELD AMATEUR RADIO DAG 2021 OP 18 APRIL

Sondag 18 April is die Wêreld Amateur Radio-dag (WARD) en dit is vanjaar die 96-jarige bestaan van die Internasionale Amateur Radio Union (IARU), wat tydens die Internasionale Radio Telegraaf-konferensie in 1925 in Parys gestig is. Die IARU het 'Amateur Radio: Tuis maar nooit Alleen' gekies as tema vir die Wêreld Amateur Radio Dag 2021. Die tema erken dat tydens ons fisiese afstand om die verspreiding van COVID-19 te verminder, amateur radio uit staan as 'n welkome blaaskans vir die verskeidenheid aktiwiteite en geleenthede.

Die SARL WARD QSO Partytjie word hou van 06:00 tot 18:00 UTC op Sondag 18 April met aktiwiteite op alle amateur bande en -modusse. Jy kry 1 punt per QSO, maar 1,5 punte per GG QSO. 'n QSO met een van die SARL Raadslede en met 'n Klub-roepsein is 3 punte werd. Jy kry 3 punte vir 'n QSO met Jan, ZT4T wat op 7 100 en 3 700 kHz werk en hy stuur 'n spesiale QSL-kaart deur die SARL QSL Buro en SA-QSL. As die operateur gewerk 25 jaar en jonger is

tel die QSO 5 punte. Die verste afstand van 2 meter en 70 cm is 10 bonuspunte werd. 'n QSO met 'n DX WARD-stasie is 2 punte werd.

Dien jou logstaat in MS Word of Excel in na secretary@sarl.org.za teen 23:59 SAT op Dinsdag 20 April om die 2021 WARD sertifikaat te verwerf. As jy 96 punte behaal (die IARU is 96 jaar oud), ontvang jy 'n spesiale sertifikaat. Jou logstaat moet jou naam en roepsein toon soos jy dit op die sertifikaat wil hê.

AMSATSA OPROEP VIR REFERATE

AMSAT SA het die datum vir die 2021 Ruimtesimposium aangekondig. In die lig van die voortdurende onsekerheid oor die Covid-19 pandemie, sal die konferensie 'n virtuele geleentheid op die BlueJeans-platform wees. Die datum is Saterdag 10 Julie 2021 om 08:00 UTC. Die tema van die simposium is "Ontsluit Amateur Ruimtetegnologie." Die simposium sal fokus op amateur-satelliete, swak-sein kommunikasie, ruimte weer en verwante wetenskappe.

Dit is die eerste oproep vir referate. Voornemende outeurs word uitgenooi om voorstelle in te dien in die vorm van 'n kort beskrywing van die onderwerp wat in hul referaat behandel moet word, nie later nie as 15 Mei 2021. Dien voorstelle in word formaat in by admin@amsatsa.org.za. Skrywers sal op 20 Mei in kennis gestel van die aanvaarding van hul referaat. Die finale referaat sal teen 30 Junie 2021 benodig word.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan bly. Tans is daar geen sonvlekke sigbaar nie. Daar word nie ernstige sonfakkels voorspel nie. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van een vir die week gebruik. Radio amateurs kan veral laatmiddag goeie DX openinge op die 10 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

17 April – die SARL virtuele AJV

18 April – Wêreld Amateur Radio Dag, die SARL WARD QSO Partytjie en die ZS4 Naelloop

23 April – Registrasie vir Mei RAE sluit en die provinsiale skole sluit

27 April – Vryheidsdag en die SARL 40 m Ruitvierkant Naelloop

1 Mei – Werkers Dag en die ADV Buis AM QSO Geselligheid

2 Mei – die ADV Buis SSB QSO Geselligheid

3 Mei - Provinsiale skole open

8 en 9 Mei - die SARL BHF/UHF digitale kompetisie

9 Mei - Moedersdag

12 Mei - die Vroeë Oggend Koffie Naelloop

Om die bulletin mee af te sluit, ‘n opsomming van ons hoof berig:

Elektroniese stemmery sal om 00:00 SAT op Maandag 12 April 2021 open en om 23:59 SAT op Woensdag 21 April 2021 sluit. Gaan na die openbare stem bladsy om jou stem uit te bring. Jy moet op die kassie klik ”I confirm that I have read and fully understand the Motions listed above.” En dan inteken met jou roepsein en wagwoord. Die stem opsies is ’Yes’ of ’No’ of ’Abstain.’

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die ’news inbox’ skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na ”Amateur Radio Today.” Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. ’n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur ’n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na ’n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saam gestel deur Dennis Green, ZS4BS, geredigeer deur Johan de Bruyn, ZS6JHB en gelees deur .....

Van die nuus span, die beste wense vir die week vorentoe.